

## Jersey SA E-Verslag

Die Jersey SA E-Verslag is geskep om 'n bykomende tegniese diens aan telers te verskaf. Dit kom bo en behalwe die ses maandelikse klassifikasie besoek aan alle telers.

Hierdie E-Verslag bestaan uit 4 kategorië:

1. 'n Grafiese voorstelling van al die geklassifiseerde diere in die kudde, opgebreek in Liggaam, Hoewe en Bene(F&L) en die Uier komponent. Dit word ook opgebreek in 3 ouderdomsgroepe: Diere gebore voor 2008, diere gebore in 2009 en diere gebore na 2010. Hierdie grafieke word uitgedruk ten opsigte van die ras gemiddeld.
2. 'n Opsomming van die kudde se produksie profiel.
3. 'n Tabel waarin die teler se teeldeelwit vergelyk word met dié van die Genootskap ten opsigte van die bulle wat huidiglik of binne die volgende paar maande in die kudde gebruik gaan word.
4. 'n Gedetailleerde verslag van die inteelkoëffisiente van toets parings tussen al die vroulike diere in die kudde teenoor al die manlike diere wat huidiglik of binne die volgende paar maande in die kudde gebruik gaan word.

Hieronder volg 'n voorbeeld van hoe die E-Verslag daarna uitsien:

### **1. Grafiese voorstelling van al die geklassifiseerde diere in die kudde**

Uit die onderstaande figuur kan gesien word hoe die verskillende eienskappe per ouderdomsgroep in die kudde

## Jersey SA E-Report

The Jersey SA E-Report was created to provide an additional technical service to our breeders. This comes in addition to the six monthly classification visits to all breeders.

This E-Report consists of 4 categories:

1. A graphical representation of all the classified animal in the herd, divided into Body, Feet and Legs (F & L) and Udder the component. It is also divided into 3 age groups: Animals born before 2008, animals born in 2009 and animals born after 2010. These graphs are expressed in terms of the breed average.
2. A summary of the herd's production profile.
3. A table in which the breeder's breeding objective is compared to that of the Society in terms of the bulls currently used in the herd.
4. A detailed report of the inbreeding coefficients of test matings between all the female animals in the herd against all the male animals currently being used in the herd.

Below is an example of the E-Report:


### **1. Graphical representation of the classified animal in the herd**

From the figure below can be seen how the different traits are expressed per age group in the herd in terms of the breed average.

The breeder can see traits in which progress has been made and what traits need to be concentrated on.

5 graphs are included in this section:

1. Body Traits
2. Feet and Legs Traits
3. Udder traits
4. All animals (all animals in the herd's



uitgedruk word te opsigte van die rasgemiddeld.

Die teler kan dus sien in watter eienskappe vordering gemaak is en aan watter eienskappe aandag geskenk moet word in die kudde.

In hierdie afdeling word 5 grafieke ingesluit:

1. Liggaamseienskappe
2. Hoewe en Bene Eienskappe
3. Uier eienskappe
4. Alle diere (Al die diere in die kudde se klassifikasie data word op een grafiek uitgedruk, om die kudde as geheel te sien.)
5. Vergelyking met die ras (Alle eienskappe word uitgedruk op 'n skaal van 1 tot 9. Die rasgemiddeld en die ideale klassifikasie punt word ook op hierdie grafiek ingesluit.)

classification data are expressed on a chart to see the herd as a whole.)

5. Comparison to the breed (All traits are expressed on a scale of 1 to 9. The Breed average and ideal classification points are also included on this chart.)

## 2. Opsomming van die kudde se produksie profiel

In hierdie tabel word die kudde se produksie gemeet teen dié van die ras. Alle eienskappe wat onder rasgemiddeld is, word in rooi gemerk.

Daar moet in ag geneem word dat die teelwaardes vir Somatiese seltelling en Kalfinterval geïnterpreteer word as hoe laer hoe beter, en verkieslik moet die eienskappe negatief wees.

## 2. Summary of the herd's production profile

In this table the herd's production is measured against that of the breed. All traits below breed average are marked in red.

It should be noted that the breeding values for somatic cell count and Calving interval must be interpreted as the lower the better, and preferably the traits must be negative.

	Hoef. Diere	Gem inteling	Hoef. >6.25% ingeteel	EBV Melk	EBV Bvet	EBV Prot	EBV Bvet %	EBV Prot %	EBV Som	EBV Kalf int.	EBV Kuddelewe
<b>Kudde</b>	691	7.11	459	273	11.7	10.6	-0.02	0.00	-3.6	3.1	116
<b>Ras</b>	59282	5.62	18443	106	5.3	4.0	0.00	0.00	-1.6	1.3	105
<b>Verskil</b>		1.49		167	6.4	6.6	-0.02	0.00	-2.0	1.8	11

## 3. Teeldoelwit

In hierdie afdeling word die teeldoelwit van die kudde teenoor dié van die genootskap in terme van die bulle wat genomineer is deur die teler. Indien die bul aan 'n eienskap voldoen word 'n "JA" vir die eienskap geplaas, indien die bul nie kwalifiseer vir die eienskap nie, word 'n "NEE" geplaas. Die minimum waardes vir die eienskappe is as volg:

## 3. Breeding Objective

In this section the breeding objective of the herd is measured to that of the society in terms of the bulls nominated by the breeder. If the bull meets the minimum requirement for the trait, it is marked as "YES", should the bull not qualify for the trait, a "NO" is placed. The minimum values for the traits are as follows:

Melk	0 kg
Bottervet kg	0 kg
Protein kg	0 kg
Bottervet %	0.00%
Protein %	0.00%
SST	0
Vrugbaarheid	0
Kuddelewe	100
Liggaam	100
Hoewe en Bene	100
Uier	100

#### 4. Verslag van Toetsparings

Hierdie is 'n verslag oor die toetsparings tussen al die vroulike diere in die kudde en die manlike diere soos genomineer deur die teler. Dit gee 'n verwagte inteelkoeffisiënt vir al die moontlike parings tussen die diere. Parings wat uitloop op 'n inteelkoeffisiënt van meer as 6.25%, word in rooi gemerk. Onderaan die verslag is 'n opsomming van die gemiddelde inteelkoeffisiënt wat deur elke bul veroorsaak word, daarna volg die minimum en maksimum inteelkoeffisiënt per bul. Laastens word die hoeveelheid parings getel wat 'n inteelkoeffisiënt van minder as 6.25%, tussen 6.25% en 12.50% en meer as 12.50% veroorsaak. 'n Vlak van 6.25% word gebruik, omdat dit die vlak van inteling is wat verkry word wanneer daar een gemeenskaplike grootouer in die stamboom van 'n dier voorkom en die effek van inteeltverval alreeds waargeneem kan word.

#### 4. Report of Test matings

This is a report on the test matings between all the female animals in the herd and the males as nominated by the breeder. It gives an expected inbreeding coefficient for all the possible matings between the animals. Matings resulting in an inbreeding coefficient of more than 6.25% are marked in red. At the bottom of the report is a summary of the average inbreeding coefficient caused per bull, followed by the minimum and maximum inbreeding coefficient per bull. Finally, the number of matings that result in an inbreeding coefficient of less than 6.25%, between 6.25% and 12.50% and more than 12.50%. A level of 6.25% is used because it is the level on which a common grandparent appears in the pedigree of an animal. The influence of inbreeding depression can also already be seen on this level.

	<b>BUL A</b>	<b>BUL B</b>	<b>BUL C</b>
ABC 070093	15.186	1.770	11.784
ABC 070094	4.357	2.607	11.157
ABC 080095	4.003	1.486	12.263
ABC 080097	3.712	2.279	5.829
ABC 100109	4.206	1.864	12.436
ABC 100112	4.868	3.136	10.953
ABC 110023	1.369	0.210	28.365
ABC 110052	2.870	1.330	5.554
	<b>BUL A</b>	<b>BUL B</b>	<b>BUL C</b>
Gemiddeld	4.952	2.313	7.303
Min	1.347	0.210	1.841
Max	12.853	4.724	30.263
Hoev. <6.25%	269	326	199
Hoev. 6.25% - 12.50%	56	4	116
Hoev. >12.50%	5	0	15